

# KOERSVAS

Jaargang 2    Uitgawe 31    17 Januarie 2014



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Verklaring

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Groeteboodskap: Positief die toekoms in

Ons is baie dankbaar om 2014 saam met u te begin. Dit is ons bede dat almal goed uitgerus het en dat daar genoeg tyd en energie was om heerlik saam met vriende en familie te kuier, ou bande weer op te neem en nuwes te smee.

Die nuwe kalenderjaar lê oop voor ons. Kom ons vul die jaar met positiewe diens aan die Here. Ons aanpasbaarheid en vindingrykheid is van die gewes wat in die nuwe jaar getoets gaan word. Indien die verlede enigsins 'n aanduiding is, wag daar 'n paar aangename verrassings op ons.

Een jaar gelede was daar vyf gemeentes wat as onafhanklike gemeentes bestaan het, sonder enige ekumeniese band. Nou is daar reeds agt en twintig (28) gemeentes wat in 'n ses maande oue GHG tuis is.

Ons is baie dankbaar oor die gemeentes wat aangesluit het. Van sover as die Vrystaat en die Noord-Kaap hoor ons die sterk stem van Evangeliese behoudendheid. Huisgemeentes ontstaan sover as Oshakati en ons sien uit daarna om met u almal saam te werk en dien.

Voorspoed vir 2014 en ons bid u elkeen die Here se seën toe.

Johan Otto (dr)

Koersvas wil hierdie boodskap ondersteun en eggo. Daar is 'n fout in die oproep tot 'n positiewe aanpak van die toekoms; daar was ten minste sewe selfstandige gemeentes 'n jaar gelede, nie net vyf nie. Hierdie oorsigfout dui op 'n leemte wat spoedeisend aandag moet kry. Die geskiedskrywing van die stormagtige tyd na die 69e AKV moet nou gebalanseerde aandag kry ten opsigte van die geskiedskrywing. Hierdie kronologiese opteken van gebeure moet op persoonlike, gemeentelike en Bondsvlak geskied.

Hierdie geskiedenis kan positiewe gevolge hê: Om die toekoms positief aan te pak, is dit deels nodig om nie die foute van die verlede te herhaal nie. Daarmee saam kan ander gemeentes leer uit die foute van hulle voorgangers (die slim man leer uit sy foute, die wyse man leer uit ander se foute).

Ons moet nie in die verlede lewe nie, maar ons moet dit tog duidelik aanteken, vir ons eie positiewe toekoms onthalwe. Wie gaan help?

## NUUSBROKKIES

- Daar het tydens die afgelope vakansie nog gemeentes besluit om selfstandig te word en daar is ook nog huisgemeentes gestig.

Die meeste van hulle het reeds aansoek gedoen om deel te word van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG). Die GHG bestaan nou uit 29 gemeentes.

- Die onverbiddelike vervolging van emeriti wat hulself as steeds Hervormers ag, gaan onverpoosd voort. Predikante wat na veertig jaar van diens aftree, het dit nie breed finansiël nie. Nou word hierdie predikante met ontheffing uit die amp en die wegneem van die gratifikasie ten opsigte van die mediese fonds gedreig. Die morele bakrotenskap van 'n organisasie wat tot sodanige laagtes daal om iemand te keer om volgens sy oortuigings op te tree, verstom. Die sH regsplan het die saak in diepte bespreek en besluit dat alle weë moontlik, insluitende die hof, gebruik sal word om te verseker dat geen van die emeriti skade lei ten opsigte van hul status, menswaardigheid of finansiële posisie nie.

#### BANKBESONDERHEDE:

Naam: G H G (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Takkode: 250 655

#### KENNISGEWINGS

- **Aan alle predikante en gemeentes wat lid van die Geloofsbond wil word, en nog nie aansoek gedoen het nie.** Die Kuratorium vergader DV die 30ste Januarie. Gemeentes stuur 'n versoek wat vergesel word met 'n kort beskrywing van die (huis)gemeente. Besonderhede van kontakpersone is belangrik. Predikante word versoek om 'n kort CV saam met hul aansoek te stuur. Wat veral van belang is, is u huidige betrokkenheid by kerklike werk en inskakeling by 'n gemeente. Gemeentes van die Geloofsbond wat beroep, word versoek om die Kuratorium in sodanige proses te ken – veral waar oorweeg word om 'n predikant te beroep wat nog nie lid van die Geloofsbond is nie. Rig asseblief u aansoeke en navrae aan ds Frans Oosthuizen by eposadres: [ds.frans@imagnet.co.za](mailto:ds.frans@imagnet.co.za)
- Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om

die Woord te bestudeer en dit te oordink. Psalm 1: 1 & 2 sê: “Dit gaan goed met die mens ...wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.” In dieselfde asem bevestig die Heidelbergse Kategismus in Vraag en Antwoord 21 die waarde van ons kennis van die Woord van God as ons hoor dat ware geloof ook 'n vasstaande kennis van die Woord is. Met dit in gedagte word u aangemoedig om in u gemeente en selfs in ringsverband aandag te skenk aan die Bybelvasvrae. Ontvang hiermee die nodige inligting met betrekking tot die Bybelvasvrae vir 2014. **Bestek: Die briewe van Johannes. (1; 2 & 3 Johannes) Heidelbergse Kategismus– Sondag 1 tot 8. Pretoria se gemeentes hou hulle vasvrae 10 Augustus 2014.**

- **Jeugbediening:** Studente en werkende jongmense van Onafhanklike gemeentes wat die huis verlaat het en elders woonagtig is: Ons wil graag ons kinders, jongmense en werkende jeug wat buite ons gemeentegrense moet gaan werk en studeer, ook steeds getrou bedien. Stuur asseblief so gou moontlik vir ons die name, telefoonnommers, e-posadres en inligting van waar u kinders gaan woon en kerk bywoon na: [zyvetto@gmail.com](mailto:zyvetto@gmail.com)

#### DRUKWERK

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

Na aanleiding van 'n versoek deur verskeie nuwe gemeentes verskaf ons die volgende inligting met betrekking tot drukwerk. Geen gemeente staan onder die verpligting om hierdie drukker te gebruik nie, maar ons kan u verseker dat u dit nie maklik beter en goedkoper gedoen gaan kry nie. Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

Stuur asb. u kennisgewings en nuusbrokkies na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) of na [admin@steadshervormers.co.za](mailto:admin@steadshervormers.co.za) vir opname in die volgende Koersvas.

## VAKANTE STANDPLAAS

### HERVORMDE GEMEENTE KOSTER

Hiermee gee die Kerkraad van die Hervormde Gemeente **Koster** kennis dat die standplaas vakant is vanaf

**1 Januarie 2014**

Aansoeke van predikante uit die Susterskerke wat hul **vereenselwig** met die standpunte van die **Geloofsbond** van Hervormde **Gemeentes** word versoek om aansoek te doen vir die pos.

Aansoeke kan gestuur word na:

E-pos [alicesmit@mailoffice.co.za](mailto:alicesmit@mailoffice.co.za)

of gepos word na Posbus 368  
Koster  
0348

**ALLE AANSOEKE SAL HOOGS  
VERTROULIK HANTEER WORD.**

**Aansoeke sluit om 24H00 op die 31e  
Januarie 2014**

• **KOERSVAS EN DIE  
SKIETLOOD JAARGANG 1** KAN  
BESTEL WORD @ R40 PER  
EKSEMPLAAR.

• Die geskiedkundige uitgawe bestaan uit die ontstaan van die eerste Koersvas en Skietlood tot en met die einde van Jaargang 1.

BESTEL SO GOU MOONTLIK PER E-  
POS BY DANIE WAT AS ADMIN ONS  
HELPEDE HAND IS.

Telefoon **071 656 9952**

e-pos [admin@steedshervormers.co.za](mailto:admin@steedshervormers.co.za)

## LEWENSBROD

BESKIKBAAR OP BESTELLING

(ONS HET EKSTRAS BESTEL!)

1 FEB 2014- 31 JANUARIE 2015

DAAGLIKSE OORDENKINGS,

VERPOSINGS VIR VERSKEIE SITUASIES,


GEBEDE, GEDIGTE GEMEENTES INLIGTING,

GELOOFSBOND PREDIKANTE EN KONTAKNOMMERS.

Net 78 beskikbaar.

Kontak Yvette 072 223 7522

[zyvette@gmail.com](mailto:zyvette@gmail.com)



# AAN ALLE DAMES VAN DIE GELOOFSBOND

15 Januarie 2014

## **BOODSKAP: SONDAG 9 FEBRUARIE 2014**

Hiermee ons opregte wense van seën op u en u gemeente. Ons as bestuur is bewus van die uiters moeilike omstandighede in onafhanklike gemeentes. Ons is ook bewus van u ywer en deursettingsvermoë, ten spyte van die talle aanslae. Weet dat die Here ons altyd dra en in alle situasies teenwoordig is.

Op 26 Januarie 2013 het 1 afgevaardigde per gemeente, asook ander belangstellende vrouens van die toe reeds onafhanklike gemeentes, bymekaargekom te Meyerspark Hervormde Gemeente. Nadat die behoefte aan 'n samebindende band uitgespreek is, is daar besluit om 'n sentrale bestuur te verkies wat leiding en raad kan gee aan gemeentes. Aangesien ons wegbeweeg van strukture, is hierdie bestuur daar in raadgewende hoedanigheid. Geen geldelike oorbetalings word aan die bestuur gedoen nie, elke gemeente en damesbediening identifiseer en hanteer hul eie Barmhartigsheids- en Uitreik-aksies. Ons prioriteite lê by ons eie mense, maar sluit niemand wat hulp of ondersteuning benodig uit nie.

Daar is op die volgende gemeenskaplike doelstellings besluit:

### **1 Geestelike verryking.**

*Leer mekaar ken, ondersteun mekaar, bestudeer die Woord van God.*

### **2 Barmhartigheid en fondsinsamelings.**

*Barmhartigheid begin in ons eie gemeentes. Dit sluit ons jeug, bejaardes en mense met spesifieke behoeftes en gestremdhede in. Daarna beweeg ons uit na ons gemeenskap wat insluit skole, ouetehuse, kindertehuse en ander instansies.*

### **3 Bevorder belange van die gemeente.**

*Ons bied ook, waar moontlik, hulp met die instandhouding van kerke en geboue.*

### **4 Volkseie opheffing**

*Dit is uiters belangrik dat ons die groeiende nood onder ons mense aanspreek.*

*As geloofsgenote grond ons ons dienswerk in die Woord van God.*

Ons is dankbaar dat daar reeds 29 gemeentes is wat die geloofskeuse gemaak het om by die Geloofsbond aan te sluit wat ontstaan vir die Evangelie en prontuit ons geloof in Christus Jesus as ware God en mens verkondig.

Ons distansieer ons van instansies wat mense toelaat en beskerm wat verkondig dat Jesus slegs as goeie voorbeeld vir ons kan dien.

Ons glo onbeskaamd in die maagdelike geboorte, die fisiese opstanding en die Hemelvaart van ons Here Jesus.

Ons glo ook dat Hy weer sal kom. Letterlik. Geen metaforiese geloof nie.

Vriendelike groete

Yvette Otto

**IN CHRISTUS WIL ONS  
KAN ONS  
SAL ONS**